

Een van die bulle wat op Louis se produksieveiling te koop sal wees. Die stoetery het al meer as 33 000 beeste deur fase A- en fase B-toetse gesit en meer as 4 000 bulle deur fase D-toetse. *FOTO: LORIZA BRAHMANE*

om te bespaar. Hou dus rekord van alle uitgawes.

**Personeelbestuur**. Personeel is vir 'n boerdery goud werd en een van die grootste bates, want hulle verrig baie take namens die boer. "As jy hulle nie reg behandel en bestuur nie, verloor jy."

**Politiek**. Moenie jou te veel aan politieke praatjies steur nie. Dit moenie die oorsaak van verkeerde besluite wees nie. Lê eerder klem op die makro-ekonomie op die plaas.

**Kennis**. Elke mens gee aandag aan sy beroep, wat gewoonlik 'n enkele ding is, maar 'n boer moet oor uitgebreide kennis oor baie velde beskik. "Samel dus voldoende kennis in, soos oor wêreldmarkte se invloed op jou boerdery. Vir die moderne boer is inligting maklik beskikbaar, maar ongelukkig is daar ook vals inligting. Kies inligting wat op jou boerdery van toepassing is en benut dit ten beste."

**Naspeurbaarheid**. Knap die naspeurbaarheid op jou plaas op wat gaandeweg belangriker word, want kopers en verbruikers wil weet hoe jy jou diere grootgemaak het, hoe hulle groei en waarmee hulle behandel is. 'n Boer moet rekenskap oor alles kan gee.

**Biosekerheid**. Weens dieresiektes moet 'n boer biosekerheid streng handhaaf. Koop diere slegs by betroubare bronne. Knap hekke en heinings op. "Dit help nie jy baklei met 'n buurman as sy beeste deurbreek nie. Bou eerder sterk heinings. Dan het jy gemoedsrus." Ontsmet voertuie en mense se skoene om verspreiding van gevaarlike siektes te stuit.

**Geseënde posisie**. Boere is in 'n ongelooflike, geseënde posisie om hul beroep in die natuur te kan beoefen. "Jy is geseënd om in God se koninkryk te kan werk. Geniet dit en waardeer dit. Ons is geneig om oor alles te kla. Raak ontslae van die kla-mentaliteit ter wille van jouself, jou gesin en jul toekoms."

**Gedragskode**. Elke plaas moet sy eie gedragskode oor alle aspekte van die boerdery hê. Dit sluit in geboortegemak, inenting, lekke en veeartsenykundige praktyke. As 'n veearts die plaas besoek, kan die boer hom dan akkurate inligting gee. Vir 'n saaiery moet dit byvoorbeeld die werkers se take insluit. "Mense wil deesdae alles van jou produk weet." Die boer kan ook in sy bestuur daarby baat vind. "Ek het al ingedagte van my neergelegde praktyke afgewyk. Dan het 'n werker my daarop gewys dat ons in die verlede 'n taak anders uitgevoer het. As jy binne jou gedragskode bly, kan jy jou vinger op 'n probleem lê."

> Hou boek van elke ding op die plaas, anders sal jy êrens 'n tekort ervaar.

## Veespore lê diep

Loriza is in 1967 geregistreer en is die oudste Brahman-kudde in Suid-Afrika. Die naam is saamgestel uit die name Louis (Lo), Maurice, sy broer (ri), en Mariza, hul ouma (za).

Die eerste Brahmane het reeds in 1954 in Suider-Afrika aangekom toe die Namibiese beesboer Jürgen Kranz beeste van Amerika ingevoer het. Van daar is Brahmane na Suid-Afrika gebring.

Louis se pa, Nico, het van die totstandkoming van die Brahman-bedryf reeds bande met die ras gehad omdat sy vrou, Julene, se oom Louis Claassen een van die stigterslede van die Brahman-genootskap was.

Nico was van kleins af lief vir beeste en het op vierjarige ouderdom sy spaarvarkie leeggemaak om 'n Afrikaner-vers by 'n familielid te koop. In die Brahman-genootskap se 50-jaar-gedenkuitgawe van 2007 skryf hy: "Om suksesvol met beeste te kan werk, is 'n liefdestaak." Sy familie het in 'n stadium met 7 000 Afrikaner-koeie geboer.

Teen 1958 het hulle begin rondkyk na 'n ander ras en Brahman-tipe bulle aangeskaf. In 1960 het die Brahman-stoetery gestalte gekry met die invoer van drie Stuart-verse en 'n Hudgins-bul uit Amerika. Spoedig het Loriza sterk opgang gemaak. Nico was 'n beoordelaar en raadslid vir drie termyne, en Louis volg in sy spore.

Die boerdery behoort vandag aan Tommiesrus (Edms.) Bpk. Die direksie bestaan uit Louis, 'n ouditeur en 'n advokaat. Die maatskappy besit geen grond nie, maar huur grond by verskeie maatskappye binne die groep, 'n konsep wat Louis by die Argentyne afgekyk het.

## Boerdery se vertakkings

Die boerdery bestaan uit die Loriza Brahman-stoetery, 'n kommersiële kudde, skaapboerdery, wild, saaiery en boomboerdery. Die stoetery is op die plaas Sandbult en ander plase by Nietverdiend, noord van Zeerust op die pad na Botswana.

Manana, Louis se huidige woonplaas by Lichtenburg, het eens aan genl. H.A. Greeff, stigter van die dorp, behoort. Die boerestryder genl. Koos de la Rey was met sy oudste dogter, Nonnie, getroud. In 1974 het Nico 'n gedeelte van Manana aangekoop om voer te produseer.

Louis se grootoupagrootjie Esias Meyer was die eerste boer van sy familie in Suid-Afrika. Hy was 'n afstammeling van die Franse Hugenote, Iere en Duitsers, en het by Herbertsdale naby Mossel- ▸